## VAN DIE REDAKSIE

Met die uittrede van mnr. C. R. Swart as Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1967, wens die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* aan hom hulde te bring, nie alleen as staatshoof nie, maar in die besonder as Hoofbeskermheer van dié Genootskap. Sedert 1960 — maar toe as Goewerneur-Generaal van die Unie van S.A. — en weer as Staatspresident sedert 1961, was mnr. Swart Hoofbeskermheer van dié Genootskap. Inderdaad kon hy dit wees omdat hy die doel en strewe van die Genootskap toegeneë was.

In die bykans 50 jaar wat mnr. Swart aan die openbare lewe deelgeneem het, was hy aktief in die geskiedenis van Suid-Afrika betrek en by uitstek was die afgelope ses jaar waarin hy die hoë amp van Staatspresident beklee het, in menig opsig van epogmakende belang. Reeds op hierdie stadium sal die geskiedenis aan hom 'n prominente plek toeken vir sy bydrae in die Republiek van S.A., maar 'n bydrae wat steeds groter sal word namate die tyd sal verloop.

Reeds met sy verkiesing tot Volksraadslid in 1923, was hy geen onbekende in politieke- en kultuurkringe nie en sedertdien het hy hom steeds beywer vir die behoud van dit wat die eie is. Dit kon hy doen omdat die geskiedenis hom na aan die hart lê, want hoe kan dit anders van 'n persoon wat self taal- en kultuurstryder was, wat die groot momente in die geskiedenis van 'n volk nie alleen beleef het nie, maar ook medewerker daaraan was? By verskeie geleenthede het mnr. Swart in sy hoedanigheid as Staatspresident ernstig gewaarsku teen die verwaarlosing van die geskiedenis en daarop gewys dat dit die taak van die jong mense is om die ideale en tradisies te versorg wat aan hulle toevertrou is.

Die *Historiese Genootskap* sal hom onthou as 'n hoofbeskermheer wat gedurende sy ampstermyn 'n sieraad was vir ons land, maar ook as 'n persoon wat deur woord en daad geleer het dat om die eie hoog te ag, nie beteken om die vreemde te verag nie.

In menig opsig was die ampstermyn van mnr. Swart 'n oorgangstydperk van die bedeling van voor 1961 na die Republikeinse bedeling. Gesien in die lig van die bekwame wyse waarop mnr. Swart sy hoë amp in die tydperk beklee het en die grondslag wat hy gelê het vir 'n groter effektiwiteit van die amp van staatspresident, ontstaan die vraag onwillekeurig of die tyd nie aangebreek het dat daar aan dié amp groter funksies toegeken moet word as hoofsaaklik dié van 'n formele en sosiale aard nie. Grondwetlik beskou, het die amp van die staatshoof dieselfde gebly as wat dit sedert 1910 onder die monargie was, nl. dat die staatshoof met geen uitvoerende magte beklee is nie. Het dit nie tyd geword dat die amp van staatspresident tot sy volle reg moet kom deur 'n groter funksionele inskakeling in die effektiewe landsbestuur nie?



*Mnr. C. R. Swart. Die Eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, 1961-1967.*